DEEL 114 | WEEK 42 | 21 OKTOBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Vuur hardloop in alle rigtings



Moeder Natuur het Donderdag gewys wat in haar steek toe weerlig 'n veld op die plaas Zonderhout aan die brand geslaan het. Daar word beweer dat 'n weerligstraal omstreeks 4 uur die middag 'n stuk droë veld buite Vegkop aan die brand gesteek het. Die brand het later buite beheer geraak en ander plekke is kort daarna ook deur weerlig aan die brand gesteek.

Twee werknemers het die vuur onsuksesvol probeer blus. Boere in die omgewing is in kennis gestel en na enkele oomblikke was talle boere op die toneel.

Brad en Tracy Smith van Johannesburg, wat die plaashuis op Zonderhout huur, was emosioneel aangegryp deur die ongelooflike manier waarop die boere van oral gekom het om die brand te bestry. Brad sê dat toe hulle teen 21:30 hulle gereed gemaak het om te gaan slaap, hul 15 bakkies op die plaaspad getel het wat ry in die rigting waarna die brand versprei het.

Daar word beweer dat die vuur oor agt plase verwoesting gesaai het.

GF van Rooyen Jnr, wat gehelp het om die vuur te bestry, vertel dat dit een van die ergste brande is wat hy nóg aanskou het. Die winde het in elke rigting gewaai wat dit moeilik gemaak het om die vuur onder beheer te kry. Die droë toestande van hierdie tyd van die jaar het die vlamme ekstra spoed gegee.

"Die vuur het byna 17 ure lank gebrand en gereeld weer opgevlam" vertel Werner Nel, "Talle vee het ook brandskade opgedoen."

Wat die brand so merkwaardig maak is die feit dat byna 50 boere gehelp het om die vuur te blus. Boere so ver as Frankfort het gehelp waar hulle kan. Beurtkrag het ook die bestryding van die vuur moeilik gemaak omdat die selfoontorings se sein wat saam met die krag afgaan, kommunikasie bemoeilik het. Boere word aangemoedig om buiten 'n selfoon, tweerigting radio's as 'n ander middel van kommunikasie te kry vir gevalle wanneer seine af is.

## MATRIEKPAARTJIE VAN DIE JAAR!

Dis weer daardie tyd van die jaar waarna elke matriekseun en -dogter uitsien vandat hulle die hoërskool betree het. Met die eindeksamen om die draai, het talle matrieks hul laaste skooljaar saam met hul klasmaats afgesluit deur die skool se jaarlikse matriekafskeid by te woon. Hierdie jaar het die Heilbron Herald weer besluit om 'n kompetisie te loods vir die Riemland Matriekafskeidpaartjie van die jaar. Riemlanders vanuit Heilbron, Frankfort, Reitz, Petrus Steyn en Edenville kan inskryf. Met die matriekafskeidgees op sosiale media kan jy en jou metgesel 'n kans staan om jul gunsteling fotos op 'n 2 x A2 *canvas* te print. Dit is een *canvas* van 'n A2 grootte vir elkeen, asook 'n OJ's geskenkbewys met 50% afslag op enige iets by die restaurant tot en met R500.

Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en die twee *canvasses* is jou en jou metgesel s'n! Stuur jou gunsteling matriekafskeidfoto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebookblad waarna ons dit dan op die blad sal laai en soveel moontlik "likes" kan werf. Foto-inskrywings sowel as "likes" sluit die 1ste November om 08:00. GEEN foto's of "likes" word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Wanneer die foto gestuur word, dui asseblief aan wie die paartjie is (naam en van) en vanaf watter skool. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op die 4de November. Vir enige navrae kontak Hendie by 071 1759807. Sterkte aan al die deelnemers!!!

**Bepalings en voorwaardes:**

•Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.

•Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen die 1ste November 2022.

•Heilbron Herald besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.


•Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.

•Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê: " Like, Love, Care, Haha, Wow, Sad en Angry" kan gebruik word en sal getel word as 'n "like".

•Slegs paartjies wat in 2022 'n matriekafskeid bygewoon het mag deelneem.

•Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald Large Format Division en verdere reëlings tref.

*OP BLADSY 3 - Petrus Steyn vier 110de bestaansjaar*



*OP BLADSY 4 - Omliggende skole se bestuurskommitee vir 2023.*



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

*Donderdae - Royal Auction Centre*

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:

Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451





BKB

www.bkb.co.za

HIGH FERT KUNSMIS

Johnny Claassen 082 779 3417

JCB

Eben Claassen 072 581 7627

WILGE CHEM

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Uit die pen: Week 42 van 2022



Ek glo in God, die Vader, in Jesus en in die Heilige Gees. Dit is die wese van my bestaan. Ek hou daarvan om kerk toe te gaan. Ek is mal daaroor om die Bybel te lees. En of jy daarmee saamgaan of nie, is nie eintlik my besigheid nie.

Sjoe, dit was 'n geweldige inleidingsparagraaf. Kom ek verduidelik.

In ons Oos-Vrystaatse dorpie was min of meer almal Christene. Sommiges se lewens het dit weerspieël, ander s'n nie. Sommiges het gereeld kerk toe gegaan, ander nie. Hulle was DDT kerkgangers: kom net kerk toe met Doop, Dood en Troues. Sommiges het openlik daaroor gesels, vir ander was dit 'n private aangeleentheid. So privaat dat niemand ooit daarvan geweet het nie.

Ek het geweet wie sit waar in die kerk. Omdat ek gereeld daar was. Later was dit lekker om aan die eredienste deel te neem: soms het ek die pyporrel bestuur (sit die orreliste voor die orrel of agter die orrel? Strikvraag, nê?) Ek het soms met die rekenaar gewerk om die liedere op die bord te wys wanneer ek nie hoef orrel te speel nie. Ek was deel van die aanddiens se orkes: klavier, kitaar, soms klarinet of tamboeryn of drommetjie. (My gryse ou vader het een dag gevra wanneer ek gaan preek?)

Ek het geweet wat dit verg om elke Sondag 'n erediens te kon hê. Genoeg afkondigingsblaadjies. Laasgenoemde dalk in Powerpoint. Ek het gehoor hoe die predikant wroeg en worstel om sy preek verstaanbaar te maak vir die een of twee wat altoos daaroor sal kla. Ek weet hoe die voorbereidings vir nagmaal verloop.

Kortom: ek was bekend met die kerk en die werkinge binne die gebou.

Met ons trek Pretoria toe, kom 'n paar veranderinge. Ek moes my geliefde gemeente groet. Mense met wie ek al amper 20 jaar lank saamkom. Ons is in mekaar se DNA ingeprent, dink ek. Ek moes 'n nuwe dokter (wat my later op my naam sou leer ken, amper soos by ons plattelandse dokter) kry. Ek kon nie meer die apteker bel en vra om my medikasie te verpak want my buurman kom dit haal nie.

Alles het verander.

Die nuwe kerk is nie so vol soos in ons dorpie nie. Die mense wat daar is lyk, wel, anders. In Engels kan ek dit as volg beskryf: "They are baptized into lemon juice." Want hulle lyk so suur. Smaak my kerk toe gaan is vir hulle 'n straf en nie 'n wonderlike geleentheid om saam met ander gelowiges te kuier nie.

Daar is 'n kliekerigheid waarop ek nie my vinger kan lê nie. Dalk is dit maar net die verskil tussen die platteland en die stad. Ek weet nie.

Die predikant by wie ek aanvanklik aanklank vind, ignoreer my in 'n gesprek toe hy met iemand anders oor hulle fietsryprogram begin gesels. By die kerk. Net na die erediens. Ek vererg my net daar. Seker ook nie die regte reaksie nie.

In ons dorp het ons nie eintlik op 'n Sondag na 'n winkel toe gegaan nie. Want (a) daar was nie so baie winkels nie en (b) hulle het ook kerk toe gegaan en dus was hulle winkels toe. In groter dorpe is dit soveel anders. Tot vandag toe grief dit my om op 'n Sondag na 'n winkel toe te gaan. Vir dringende sake, moontlik. Maar om die normale inkopies te gaan doen, voel net nie vir my reg nie. Vir my is dit net swak beplanning, want dit kon in die week gedoen gewees het.

Toe ek dit eendag aan my gryse ou moeder noem, is haar reaksie as volg: "Dis nie sonde om op 'n Sondag inkopies te gaan doen nie. Die dominee se vrou doen dit dan ook!"

Dalk moet ons almal maar beter kyk na wat ons doen. Net my opinie.

Iedergeval. In Pretoria was dit anders as in ons klein dorpie. Baie anders.

By die skool was daar 'n mengelmoes van gelowe: Buddhiste, Moslems, Christene, ateïste, agnostici, noem maar op. Waar ons dalk saggies gepraat het oor iemand wie nie 'n Christen was nie, is dit nou ewe skielik oop en bloot. En almal word aanvaar. Daar word selfs 'n saalopening gehou waar daar na Die Een verwys word. Wie Die Een ook al is. Dis vir my baie vreemd.

Op 'n dag maak ek kennis met 'n nuwe dogter in graad 8. Haar naam is "Shekinah". Ek vertaal dit gou aan haar: Die plek waar die Here bly of waar Hy gevind kan word.

Sy glimlag breed: haar ouma het die naam gekies.

Die klas is stom. Een waag dit om haar hand bewerig in die lug te steek.

"Juffrou, is jy dan 'n Christen?"

Die vraag boul my tussen die oë. Natuurlik is ek een, dink ek. Almal is mos Christene, wou ek dink, maar onthou toe die verskillende gelowe.

Dis nie soseer die vraag wat my laat skrik het nie, maar die feit dat 'n graad 8 dogter nie kon sien, uit my optrede en my praat, dat ek die Here ken nie.

Shekinah en drie van haar vriendinne het later van my klas gebruik gemaak om 'n bidgroepie te stig. Heeltemal in teenstelling met wat ander skoolkinders gedoen het.

Die dag toe ek my laaste stukkie bordkryt neersit, kry ek 'n briefie van die groepie af waarin hulle my bedank dat hulle in my klas kon bid. Dat hulle regtig 'n verandering in hulle verhoudings kon sien. Hulle seën my met hulle woorde.

Die vraag loop nou al vir amper vyf jaar saam met my: moet iemand vir my vra of ek 'n Christen is of kan hulle dit in my handel en wandel sien?

Nie net om myself op 'n Sondag uit 'n winkel te hou nie, maar op soveel ander vlakke.

As ek dan sê dat ek 'n Christen is, kan 'n blinde dit met 'n stok aanvoel, wonder ek.

En keer op keer op keer misluk ek klaaglik.

Maar ek probeer.

# HUPPEL TRIPPEL KLUB SPEEL NOOT VIR NOOT





*45 Lede het heerlik geluister en note geïdentifiseer. Daar was 5 temas. Kleintyd-liedjies, Opsit-liedjies, Dans-liedjies, liedjies oor Treine en Halleluja-liedjies uit Ouma en Oupa se kleintyd.'n Paar onthou-trane is gepik. Die lekker nostalgiese oggend is afgesluit met tee en eetgoed wat deur Magda Bierman bedien is. Op 1 November is die laaste vasvra van die jaar aan die beurt.*
*Op die foto regs: Martie Olivier*
*Foto bo van die lede van Huis Bron-van-Heil*

# BORSKANKER

**• Heilbron Kliniek**

Minstens een uit elke 29 vroue kry borskanker.
**Wat is die kanse dat jy dit sal kry?**
Jy het 'n hoër risiko vir borskanker indien:
- Jy ouer as 50 is.
- Jy 'n gesinslid met borskanker het.
- Jy 'n persoonlike geskiedenis van kanker het en daarvoor behandel is.
- Jou borsweefsel baie dig is.
- Jy nog nooit geboorte geskenk het nie, of jy ouer as 36 was met jou eerste bevalling.
- Jy tans (of redelik onlangs) geboortebeperkingspille (mondelingse voorbehoedmiddels) reeds vir etlike jare gebruik.
- Jy twee of meer sopies alkohol per dag drink.

**Mites en feite oor borskanker.**
Mite: Ek is te jonk om borskanker te kry.
Feit: Ouer vroue het 'n groter risiko om borskanker te kry, maar dit kom ook by jonger vroue voor.
Mite: Niemand in my familie het borskanker nie, so ek gaan dit ook nie kry nie.
Feit: Alhoewel vroue wie se ma, suster of ouma borskanker gehad het, 'n groter risiko het, kan enige vrou borskanker kry.
Mite: Vroue wat borsvoed kry nie borskanker nie, so ek gaan dit nie kry nie.
Feit: Vroue met minstens twee swangerskappe voor die ouderdom van 30 en wat vir 18 maande of langer geborsvoed het, toon 'n laer insidensie vir borskanker. Verdere risiko verlaging sluit in genoegsame oefening, gesonde dieet, nie rook nie en min of geen alkohol gebruik .
Mite: 'n knop beteken net een ding – borskanker.
Feit: Nege uit tien borsknoppe is nie kwaadaardig nie. Indien jy 'n knop in jou bors ontdek of enige van die volgende simptome ervaar, gaan spreek dadelik jou dokter:
- Verandering in bors-grootte of vorm.
- Duike of rimpel op die borsvel.
- Tepels wat van vorm verander, of induik.
- Abnormale tepelafskeiding.
- 'n Uitslag op die tepel of omliggende dele.
- Knoppe of swelsels onder die arms.






Indien u enige nuus vir die
**HEILBRON HERALD**
het kontak
HENDIE LÖTTER
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure: Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

# SPUR VIER HUL 55STE VERJAARSDAG

Die Spur restaurant groep vier vanjaar hul 55ste verjaarsdag. Ter viering van hierdie mylpaal het hulle besluit om terug te gee aan die gemeenskap. Die Spur Hoofkantoor het aan elke tak 'n sekere bedrag kontant geskenk, wat die verskeie Spur restaurante terug moet ploeg in hul gemeenskap. Buffalo Valley Spur in Heilbron het die besluit geneem om die personeel van Lanie se bakkery te bederf met 'n heerlike Spur-ete. Hulle het ook skoolskoene aan behoeftige skoliere van Hoërskool Heilbron geskenk, asook skoene aan die klerewinkel. Edna Odendaal (Bestuurder) vertel dat dit Spur se manier is om dankie te sê aan die gemeenskap, asook om bietjie vreugde in mense se lewe te gee.






# PETRUS STEYN WORD 110 JAAR!

Inwoners van Petrus Steyn het die naweek 'n heerlike makietie gehou ter viering van die dorp se 110de bestaansjaar. Die feesviering het gesorg vir groot vermaak vir oud en jonk. Heleen Muller, hoof-organiseerder en raadslid van die VF+ het saam met haar span hulself goed van hul taak gekwyt. Tydens die feesviering was daar heelwat om te doen en sien. 'n Optog met perderuiters, boeresport, "Colour run" en pretstap was net van die aktiwiteite wat plaasgevind het. Kerke het ook kosstalletjies gehad waar die iets lekkers gekoop kon word om aan te peusel. 'n Groot tent was opgeslaan waar feesgangers heerlik kon kuier en later skoffel sou hulle wou. Inwoners van die dorp beskou die geleentheid as 'n spesiale viering en ook as 'n groot sukses. Heleen vertel dat die fees glad nie gegaan het oor geld nie, maar om dit vir die dorp lekker te maak, daarom was die toegangsgeld baie min. AA Begrafnisdienste het ook 'n spesiale bydrae tot die herdenking gemaak deur 'n granietsteen met die geboortedatum asook sterfdatum van Petrus Paulus Steyn (waarna die dorp vernoem is) en sy vrou Rachel Dorothea in die graniet te graveer en op hul graf vas te sit.











# WEN 'N VAKANSIE NA ZANZIBAR

*Evert Kleynhans, 'n boer van Heilbron, wat die 11de Oktober Senwes se Boeredag by Nampopark bygewoon het, kon sy geluk nie glo toe sy naam tydens die Toekomsfokus22 gelukstrekking aangekondig is nie. Die prys is deur Rudo Opperman (Vrystaat Landbou) en Francois Strydom (Senwes) aan Evert oorhandig. Kleynhans het weggestap met 'n Zanzibar-vakansie en vertel dat hy sy vrou, Danè, sal saamneem op diè heerlike vakansie. Kleynhans voeg ook by dat alhoewel dit 'n lekker vakansie sal wees, het hy geen planne om enige tyd gou die vakansie te geniet nie.*
*Op foto van links: Rudo Opperman, Evert Kleynhans en Francois Strydom.*

# ALLE KANKER "SURVIVORS" WORD UITGENOOI

## *27 Oktober 2022*

Heilbron Kliniek nooi graag alle kanker "Survivors" om 'n middag saam met hulle te geniet.

**Datum: 27 Oktober 2022**
**Tyd: 14:00**

Laat weet asb. teen 21 Oktober 2022 sodat die nodige reëling getref kan word.

Dit sal 'n voorreg wees om die middag saam te kuier.

Kontak vir Hettie by 084 251 1921 of Riekie 083 781 8891 vir enige verdere navrae.

ESTHÈ MULLER INC
ATTORNEYS | PROKUREURS | BABUELLI

**Contact us for professional, reliable and effective service in the following fields:**
Kontak ons vir professionele, betroubare en effektiewe diens met betrekking tot die volgende:

- **Contracts** / Kontrakte
- **Transfer of Property** / Oordrag van Eiendomme
- **Registration of Companies** / Registrasie van Maatskappye
- **Wills, Estates and Trusts** / Testamente, Boedels en Trusts
- **Divorces** / Egskeidings
- **Collections** / Invorderings
- **Correspondent work** / Korresondente werk
- **Civil Litigation** / Siviele Litigasie

Contact us on: 083 267 9559 / 058 852 2041
E-Mail: pieter@esthemuller.co.za / esthe@esthemuller.co.za
Address: 47 Els Street, Heilbron

# BRONNIES SE BESTUURSKOMMITEE VIR 2023



*Hoërskool Heilbron se Laerskool Bestuurskomitee vir 2023 is ook aangekondig. Tien helder gesiggies het met die prysuitdeling hul balkies ontvang. Die hoofseun en hoofmeisie is ook tydens die prysuitdeling aangekondig.*
*Dogters: Amoré Rochat, Tinique Ruiters, Lee-Anne Viviers Cheree J van Rensburg en Ami Botha.*



*Hoërskool Heilbron se Laerskool Bestuurskomitee vir 2023 is ook aangekondig. Tien helder gesiggies het met die prysuitdeling hul balkies ontvang. Die hoofseun en hoofmeisie is ook tydens die prysuitdeling aangekondig.*
*Seuns: Gerrit du Plooy, Lehlohonolo Mthembu, DJ Pieterse, Jannie Els en Ernest Scheepers.*



*Hoërskool Heilbron se media prefekte vir 2023 aangekondig.*
*Graad 6 van 2023: John-Rick Pretorius, Lisa-Liné Rheeder, Elsené van der Merwe, Elzeri Combrink, Riëtte Steyn (Leier) en Kayla Hayward.*

## ONTVANG SPESIALE TOEKENNING



*Tydens die Laerskool prysuitdeling van Hoërskool Heilbron het 4 personeellede 'n besonderse prestasie behaal vir 10 jaar diens by Hoërskool Heilbron. Op die foto bo Jeremia Makhobotloane, Willie Coetzee, Annari van Dorssen en Salomie Viljoen.*
*Foto erkenning: André Pretorius Fotografie*



*Hoërskool Heilbron se media prefekte vir 2023 aangekondig.*
*Graad 7 van 2023: Biance Hayes, Allison Esterhuizen, Chanelle Price Gerhardt Engelbrecht, Dylan Nagel (Leier) en Frederik Erasmus.*



## HEILBRON vs LUMIÉRE

*Die o/9 krieketspan van Hoërskool Heilbron het Maandag teen Lumiére hul laaste krieketwedstryd gespeel. Heilbron klop Lumiére met 'n uitstekende 8 paaltjies.*
*Op die foto voor vl: Jano Crafford en Jurgens Botha.*
*Tweede ry vl: AC Zitzke, Henre Weilbach en Luca Lesch.*
*Agter vl: WC van Niekerk, Stiaan Boshoff, Merwe Els, Uaiden Schoeman (Afrigter, Cornel Steyn, Danny de Villiers, Armand Kruger, Perez Schoeman, PJ Meiring, Diaan Breers.*
*Agter: Mnr Kallie.*






## WOW SPELFEES

*Marisa Ferdous, 'n leerder van die JA Malherbe Primêre skool op Petrus Steyn, het tydens die provinsiale rondte van die Sanlam 2022 Wow Spelfees in Bloemfontein 'n tweede plek losgespel vir Graad 7. Met hierdie prestasie kwalifiseer sy om aan die Nasionale rondte op 15 Oktober by die Universiteit Stellenbosch te gaan deelneem.*

## BRONNIES BEGIN KWARTAAL OP 'N HOË NOOT



*Op die foto Pieter Möller tydens die Dasaand.*



*Op die foto oorhandig Bart Steijn (Hoofseun) 'n das aan David Knight, waarnemende skoolhoof van Hoërskool Heilbron.*



*Op die foto Mieke van Wyk, Katinka die Kat en Zelmarie Zitzke.*




Hoërskool Heilbron se vierde kwartaal het besig begin, maar wel opwindend. Onderwysers en leerders het aan mekaar erkenning gegee deur 'n waarderingsweek te hou. Woensdagaand het die pa's en hul seuns saam met hul vriende die skool se jaarlike Dasaand bygewoon, waar Pieter Möller 'n positiewe boodskap van dankbaarheid aan die mans oorgedra het. Ná die praatjie het die seuns en manne lekker saam om die vure gekuier en 'n heerlike steak-ete geniet.

Donderdag 13 Oktober het die skool ook die toekomstige Graad 1 leerlinge by die skool verwelkom tydens die Opedag en hulle 'n voorsmakie van die grootskool gegee. Die Lentetee het ook laas week die 15de Oktober plaasgevind, waar die hoërskooldogters en hul gaste heerlik gekuier het. Katinka die Kat het op haar unieke manier 'n boodskap aan die dames oorgedra oor jonk wees. Die matriekdogters het tydens die geleentheid gespog met hul matriekafskeidrokke en hul waardering aan hul ma's, tannies en vriendinne getoon.



*Op die foto Graad 1's van 2023 word verwelkom.*

HERALD Sport

# BESIGHEIDSLIGA IS NET POSITIWITEIT



Met al die negatiwiteit daagliks rondom ons, is dit soms moeilik om iets te kry wat weer 'n mens se lewensvlammetjie laat ophelder. Die rolbalklub se Besigheidsliga is presies daardie "iets" wat die vlammetjie sommer weer lekker laat opvlam.

Elke Donderdagaand is dit net positiwiteit by die rolbalklub en word al die negatiwiteit agtergelaat met lekker rolbal, lekker kos en koue drinkgoedjies.

Die afgelope Donderdagaand se ribburgers was weereens van topgehalte. Die manne het die braaiwerk gedoen het en tesame met die dames se vernuf, wel, Jamie Oliver sal moet uithaal en wys om voor te bly.

Verlede Donderdagaand het die 14 deelnemende spanne weer met groot entoesiasme mekaar die stryd aangesê. Alhoewel die gees nog lekker vrolik is, is dit duidelik dat daar nou gespeel word om punte op te stapel oor die volgende twee weke eindstreep toe.

Die afgelope naweek het Kroonstad Rolbalklub hul honderdjarige bestaan gevier. JC Pretorius en Rudie Jacobs het met hulle twee spanne daar gaan deelneem en volgens die terugvoer was die naweek 'n reusesukses.

Die span van Rudi en Tracy Jacobs, saam met De Wet Steenkamp en Linda van Caspel, kon terugkeer huis toe met 'n welverdiende vierde plek.

# GROOT VELD VIR AFRIFORUM



Die manne van AfriForum het baie moeite gedoen om spelers vir die eerste Heilbron AfriForum Gholfdag te lok. Daar is 36 pryse op die spel en kan gaste ook die aand kom saam eet vir slegs vyftig rand. Die opening sal 09:30 wees met skriflesing en daarna gaan die eerste spelers om 10:00 afgestuur word.

Saterdag was Leonard Strydom se stokke vuurwarm. Hy wen die dag met 'n netto telling van 68 wat vier houe beter as sy voorgee is. Jackie Leonard was tweede met 69 netto tellings. Die Baankaptein sê dat die setperke uit hulle dormante fase is en skoonveld behoort 'n groens kynsel te kry na die reën van die week.

Inskrywings vir Saterdag is reeds om 09:00. Vrydagaand is dit weer die gebruiklike "Jokerdraw" wat weekliks groei.

# HEILBRON vs SASOLBURG

Heilbron se dorp-krieketspan het die naweek 'n naelbyt wedstryd teen Sasolburg gespeel.

Sasol wen Heilbron met 8 lopies. Sasol het die loot gewen en besluit om eerste te kolf, waar hulle 156 lopies aangeteken het in hul 20 beurte. Armand Smith en Theuns Botha het uitstekend geboul en Sasol se kolwers baie beperk met hul puik boulaanval. Heilbron was tydens hul kolfbeurt goed op dreef en het 20 lopies van 12 balle benodig om die wedstryd te wen, maar danksy Michael Mackie met 'n puik boulbeurt was Heilbron se verloor verseker. Heilbron het 148 aangeteken met 'n verlies van slegs 4 paaltjies. Heilbron se volgende wedstryd vind Saterdag teen plaas Meyerton om 14:00 by Hoërskool Heilbron.


PORTABLE FIRE EXTINGUISHER
AVAILABLE IN 550ML
Home Car Dual Purpose
Cold & Heat Resistant
Environmental friendly & Nonn-Toxic
FIRE STOP
Office National
R50 EACH
058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

TEKENS VAN Angstigheid IN JOU KIND...

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Mask @ R119.95
Cream @ R159.95
Shampoo @ R117.95
Conditioner @ R117.95
Variety L'oreal Elvive Hair Treatments In Stock!
Mask @ R109.95
Serum @ R111.95
Shampoo @ R89.95
Conditioner @ R89.95

Easy to print. Easy to save.
HP Smart Tank 670 Printer
WAS R5499
NOW R4799
Up to 18 000 black or 8 000 colour pages with original HP ink bottles
Up to 3 years of ink included in the box
Office National
ORDER YOUR WIRELESS PRINTER TODAY !
heraldoffice@heilbron.co.za | 058 852 3033

Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.

Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.

Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

Nappy Nation & Late-Nite Video
Pleinstraat 38 | 38 Plein Street
FUDGE BAR, ROASTED CORN AND MANY MORE OLD FASHION SWEETS IN STOCK

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 24 OKTOBER 2022
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

DINSDAG - 25 OKTOBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 26 OKTOBER 2022
PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
STANDERTON Maandelikse vark veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 27 OKTOBER 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
PARYS: DIE TEWIS ELS TRUST KOMMERSIëLE VLEISMERINO PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Grootvlei
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VRYDAG - 28 OKTOBER 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
KROONSTAD: JACO VAN DER MERWE STAAK SAAIBOERDERY
11:00, plaas Hilton
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za